13.11 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE PRETORIA OOR SKEIDING VAN DIE BEHEER EN DIE UITVOERENDE FUNKSIE IN DIE ADMINISTRATIEWE BURO VAN DIE GKSA (Art 69)

A. Oudl H van Wyk stel die beskrywingspunt.
B. Die beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. **BESKRYWINGSPUNT**

1. Beskrywingspunt

’n Duidelike skeiding moet getref word tussen die *beheer* wat die Bestuur van die Administratiewe Buro moet uitoefen en die *uitvoerende* funksie van die Hoofuitvoerende Administratiewe Beampte.

2. Motivering

2.1 ’n Kommissie van die Kerkraad het op 22 Junie 2010 tydens ’n ontmoeting met die Bestuur van die Administratiewe Buro gevra wie die Rekenpligtige Beampte van die Administratiewe Buro is. Die Bestuur kon nie ’n duidelike antwoord op die vraag verstrek nie, wat die Kerkraad met die vraag laat of daar ter wille van goeie orde en administrasie ’n duidelike skeiding tussen die beheer en die uitvoerende funksie van die Administratiewe Buro bestaan.

2.2 In enige demokratiese bestel word die wetgewende gesag en die uitvoerende gesag duidelik geskei.

2.3 In die geval van Administratiewe Buro is die Bestuur van die Buro verantwoordelik aan die lede van die Buro (dit is die kerke). Die lede van die Buro (die kerke) wys die Bestuur ooreenkomstig die Reglement van die Administratiewe Buro (Artikel 3 van die Reglement) aan. Die Rekenpligtige Beampte is aanspreeklik ten opsigte van die administrasie van die Buro. Hy/sy moet aan die Bestuur van die Buro verantwoording doen.

2.4 Die Rekenpligtige Beampte kan nie ’n lid van die Bestuur van die Administratiewe Buro wees nie. Die Rekenpligtige Beampte word skriftelik deur die Bestuur aangestel en moet die aanstelling skriftelik aanvaar.

2.5 Die Rekenpligtige Beampte is normaalweg die Hoof Uitvoerende Beampte.

2.6 ’n Skriftelike delegasie aan die Hoof Uitvoerende Beampte vanaf die Bestuur is noodsaaklik. In die skriftelike delegasie word die Rekenpligtige Beampte se pligte, verantwoordelikhede en aanspreeklikheid uiteengesit.

Besluit: Dat aan die beskrywingspunt nie gevolg gegee word nie.